

**25 Januarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14-5:10**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 5:9**

### **Ewige hemelse saligheid – joune**

Ewige saligheid! Die hemelse heerlikheid! Volmaakte vrede en vreugde op die nuwe aarde is joune en is verseker deur jou Hoëpriester, Jesus die Seun van God.

Om hoëpriester te wees was uitsonderlike werk. God moes iemand daartoe roep (5:1). Die geroepene moes Hom gehoorsaam in voorbidding en offerandes vir sy volk. Hy moes vol meegevoel vir die swakke sondaars onder die volk, omdat hy ook sondaar was, by God intree. Voor die offer namens die volk, moes hy eers vir sy eie sondes offer. Só was dit onder die ou verbond.

Onder die nuwe verbond staan dit steeds vas: Sonder 'n offer vir jou sondes is daar geen saligheid nie. God het 'n groter Hoëpriester gegee – een soos Melgisedek wat tegelyk Hoëpriester en Koning was. Niemand minder nie as Jesus die Seun van God is daartoe geroep. Hy moes mens word, bitter lyding en vernedering deurmaak. Hy het gebede en tranes en uiteindelik Homself aan die vervloekte kruishout geoffer.

Waarom? Omdat Jesus met ons swakhede medelye het. Hy is as mens net soos ons versoek. As kenner van ons sonde het Hy homself daarvoor geoffer.

Ontvang alle mense outomaties die saligheid? Nee! Net wanneer jy aan Jesus gehoorsaam is. Is jy bereid om Jesus as enigste Saligmaker te bely? Is jy bereid om Hom na te volg – al hou dit lyding en teëspoed in? Sal jy met vrymoedigheid die genadetroon van God nader omdat jy weet Jesus is jou ewige Hoëpriester?

Weet dan: Hy is die bron van jou ewige saligheid. Hou vas aan die geloof wat jy bely.

*Sing: Skrifberyming 6:6*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*